

Tema: Wedergeboorte is maar die begin van wat God met ons doen

Skriflesing: 1 Petrus 1:22-2:10

Fokustekse: 1 Pet 1:22-2:5

Party gelowiges praat oor “wedergeboorte” asof dit die kroon op hulle geloofslewe span. Dis soos diploma wat jy kry na lang tyd van harde werk. Verkeerd. Wedergeboorte is maar die begin van die Heilige Gees se wonderlike herskeppingswerk in ons lewe.

Let op hoe hierdie hoofstuk duidelik oor geestelike groei praat:

- Wedergebore (1:23)
- Pasgebore kindertjies (2:2)
- Lewende stene (2:5)
- Geestelike huis (2:5)
- Uitverkore volk (2:9)
- Koninklike priesterdom (2:9)

En ons het dit alles aan God se barmhartigheid te danke (2:10).

Wat is so besonders aan wedergeboorte?

Jy word nuwe mens wat deur die Gees van God die Vader verwek is. Dis nie die gevolg van jou eie toewyding nie, maar wel van die “saad” van die Woord van God, nl. die Evangelie van Jesus Christus wat in jou hart gesaai is (vgl. Mat 13).

Die eerste direkte gevolg is dat jy nou baie nuwe broers en susters kry— almal kinders wat deur die Woord en Gees van God verwek is. **Hierdie kinders moet nou leer om mekaar opreg, van harte en vurig lief te hê (1:22).**

Dit is fout om te dink dat iemand wat reeds weergebore is dit vanself sal doen. Daarom is dit vir Petrus nodig om ons so aan te spreek!

Wat is so besonders aan pasgebore kindertjies?

Hulle smag na melk. By die natuurlike mens kom dit gewoonlik vanself. By die geestelike mens sal jy dit ook verwag en dikwels is dit so dat mense wat pas begin glo het onversadigbare honger na die Woord van God het.

Tog ag Petrus dit hier ook nodig om ons daaraan te herinner dat ons “moet” ... “smag na die suiwer geestelike melk”. Ook hier is aanmoediging en teregwysing nodig.

Hoekom so? Want ek bly steeds mens wat nie op my eie sal regkom nie. Vir my geestelike groei het die Vader my deel gemaak van sy huisgesin, sy gemeente. Dit begin by my ouerhuis maar eindig nie daar nie. Ek moet aangespoor word om die Woord van God my daaglikse brood te maak. En ek moet ander ook so aanspoor.

Amen.